

**28 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 18 (OAV)  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 18:17-30**

### **Rus gevind in gebed**

Dawid bevestig die krag van gebed. Dit is `n versterking vir ons! Hy weet hy is onvolmaak. Hy wil die goeie, maar die kwaad loer op hom.

God se genade is egter alles. Hy verwyder ons oortredings (Ps. 103). Dawid weet hy is vergewe en beroep hom op die verlossingswerk van Christus (Ps. 22; 110). God ken die harte (Ps. 139). Vers 24 se woorde getuig van uitkoms: “Maar ek was opreg ...” Die HERE bewaar sy berouvolle kind.

Deur Dawid bring God rus vir Israel. Daarom sing Psalm 18 van stryd wat deur God se mag beslis is. Dawid weet om sy hart uit te stort en rus in gebed te vind, selfs in gevaar in `n Filistynse tronk (Ps. 56). In vers 30 bely hy: “Want met U loop ek `n bende storm, en met my God spring ek oor `n muur.” Die onmoontlike kan plaasvind: Met God aan sy kant is *een `n meerderheid!* God laat Dawid se lamp skyn (Ps. 36:10), al is dit flou (Ps. 51:4-7).

In Christus, die Lig van die wêreld, is ons ook liggende ligte. Ons het sy heerlijkheid aanskou. Hy gee krag in ons swakheid. Daarvan getuig ook Paulus in 2 Korintiërs 12:10: “Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, is ek sterk.”

*Sing: Ps 18:3, 12, 14, 20 (1936-beryming)*

*Ds Hennie de Villiers (Pretoria)*